

Inhoud Preek doop wandel seëninge wette. Hierdie preek wys dat die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters omdat Hy hulle lei deur hulle in te sluit en te laat deel in die seëninge van God se verbond en nie deur die voorskrifte van die wet van God nie. Daarom mag ons kinders van verbondsouers doop in die Naam van die Heilige Gees want hy lei babas. Omdat die kerk dit nie meer glo nie het hulle 'n verbondsdooop vir babas in die Naam van die Vader ontwerp, sonder die Seun en Gees, 'n bekeringsdooop vir kleuters die Seun sonder die Gees en 'n doop met die Gees vir tieners sonder die teken van die doop in die Naam van die Vader en die Seun.

Skriflesing Hand. 2: 32 – 34, 36 – 39; Rom. 6: 4 – 6, 11; Rom. 8: 1, 9, 14 – 17.

Teks Rom. 8: 14 “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.”

Tema Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

### 1. Ons doop vanoggend vir Jannes Beetge.

Ons vat water en terwyl ons die water oor hom gooi, verklaar ons dat hy gedoop is in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees. Só word die water 'n teken dat Jannes deel is van die evangelie van die Vader, Seun en Gees. Die Here Jesus het in sy eie woorde vir ons die opdrag gegee om die doop só te bedien in Matteus 28. Die water is 'n teken dat die ou sondige lewe wat Jannes onder God se wet moes gaan leef het, is vir altyd verby, net soos skoon water 'n vuil mens iets van die verlede maak. Die water is ook teken dat Jannes as baba, peuter, kleuter, kind, tiener, volwassene en bejaarde 'n nuwe lewe in Christus gaan leef, waar Hy vir God altyd skoon is.

Vanoggend wil ek vir u graag 'n betekenis van hierdie doop uit die Woord van God uitwys wat ons nog nie voorheen só na gekyk het nie: Jannes se doop wys dat hy deur die Heilige Gees gelei word. Dit is ons teksvers in Romeine 8: 14: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.”

U moet hierdie sin baie goed hoor! Hier staan nie hulle wat hulle láát lei nie, maar hulle wat gelei word. Die Persoon wat in hierdie sin die een is wat optree, is die Heilige Gees, nie die mens nie. Hy lei kinders van God en wie Hy lei, is kinders van God. Wie Hy nie lei nie is nie kinders van God nie.

2. Om Jannes in die Naam van die Heilige Gees te doop, moet dit verseker wees dat die Heilige Gees vir Jannes lei, anders mag ons hom nie doop in die Naam van die Heilige Gees nie. Mense wie nie deur die Gees gelei word nie, kan nie in die Naam van die Heilige Gees gedoop word nie! Om Jannes as baba te mag doop

## Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

vanoggend, moet ons weet dat hy as baba, peuter, kleuter en kind deur die Heilige Gees gelei word. Babas is kleintjies tot so een jaar, peuters is kleintjies tot so 18 maande en kleuters kleintjies tot so drie jaar oud!

Dit is die vraag en leiding wat ons vanoggend as gemeente in die Woord van God moet vind: lei die Heilige Gees babas, peuters en kleuters? Lei die Heilige Gees hierdie kleintjies?

Die eerste natuurlike gevoel wat by 'n mens opkom is: “Nee!” Hierdie gevoel van “nee” is só diep in ons natuurlike aanvoeling dat dit al deel was van ons kerk se vorige doopsformuliere. In hierdie formuliere is verklaar dat die Heilige Gees in babas woon en hulle “wil lei”. “Wil lei” beteken Hy doen dit nog nie omdat hulle nog te klein is, maar Hy sal hulle eendag lei wanneer hulle sy leiding kan hoor, verstaan en volg!

Dit is mos die gewone manier waarop ons “leiding” verstaan: die Here vertel ons en wys ons wat om te doen, ons hoor, verstaan wat Hy sê en ons volg sy leiding deur te doen wat Hy sê! Lei beteken dan sê wat om te doen, voorskrifte, opdragte, reëls, verordeninge gee wat gehoorsaam word.

As dit is hoe die Heilige Gees ons lei, dan mag ons nie babas, peuters en kleuters doop in die Naam van die Heilige Gees wat hulle as kinders van God lei nie! Dan is hulle nog te klein om deur die Heilige Gees gelei te word! Dit is waarskynlik die algemene opvatting van lidmate oor babas, peuters en kleuters in die kerk – hulle kan nog nie deur die Heilige Gees gelei word nie, maar Hy wil en sal as hulle eendag kan hoor en doen wat Hy sê!

3. Maar die Heilige Gees is nie die Gees wat jou lei deur vir jou te wys en sê wat jy moet doen wanneer jy kan verstaan wat hy vir jou sê nie.

In Efesiërs 1 vers 13 word die Heilige Gees in Grieks genoem: die Heilige Gees van die belofte. Hierdie bewoording is baie belangrik. Dit beteken nie maar somer net die Heilige Gees was in die Ou Testament belowe so asof Hy nie in die Ou Testament was nie. Hy is nie die beloofde Gees nie. Hy is die Gees van die belofte! Dit beteken Hy is die Gees aan wie die belofte behoort!

Hierdie belofte wat aan die Heilige Gees behoort, is die verbondsbelofte van God aan Abraham. In Galasiërs 3: 29 stel Paulus dat “as julle aan Christus behoort, dan is julle nakomelinge van Abraham en ooreenkomstig die belofte erfgename” en net soos in Romeine word in 4: 6 gestel dat dit die Gees is wat jou aan Christus laat behoort en 'n erfgenaam van die belofte maak.

Die Heilige Gees maak ons erfgename van die verbond van God, die Abrahamsbelofte wat in Eseg. 36: 24 – en Jer. 31: 31 – volledig verwoord word. Die

## Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

wyse waarop die Heilige Gees kinders van God lei, is nie om voorskrifte te gee of om wette te eis en af te dwing nie, maar om die Abrahamsbeloftes vir kinders van God waar te maak. In Efe. 1: 3 stel Paulus dit volgens die 1983 vertaling só: “Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe. Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.” Dit is hoe die Heilige Gees kinders van God lei: Hy maak al die beloftes van die verbond werklike seëninge in die lewe van God se kinders.

Die Heilige Gees lei God se kinders deur seëninge, nie eise en wette nie!

4. Wat sedert Jannes se geboorte gebeur het, is ’n lewende voorbeeld van hoe die Heilige Gees babas, peuters en kleuters lei. Is Andre en Liezl besig om Jannes wat nog net ’n baba is, te lei en leiding te gee?

Kom ons vat slaap as voorbeeld! Het Jannes al ooit vir een van hulle geluister as hulle vir hom die opdrag gegee het: “Jy moet nou slaap!” Hy luister nie na sulke opdragte nie want hy is nog ’n baba! Beteken dit hulle gee hom geen leiding om te slaap nie. Hy kan maar slaap wanneer hy wil en wakker wees wanneer hy wil?

As hulle dit doen sal hy nooit in die lewensritme inkom van in die nag rus en en die dag werk nie! Dan is hulle nou al besig om sy lewe te ontwig. Hoe gee hulle hom leiding om te slaap. Deur hom kos te gee. Wanneer hy kos kry, slaap hy. Hy word gelei deur die seëning van koskry om in die lewensritme van die skepping te kom wat hom ’n diensbare mens gaan maak.

Nog ’n voorbeeld! Hoe lei hulle Jannes om skoon te lewe? As hy sy doek vuil gemaak het, en kerm oor die ongemak daarvan, wat doen hulle? Lei hulle kom met opdragte om dit nie weer te doen nie en te wys hy moet jammer wees omdat hy sy doek vuil gemaak het?

Hoe kry hulle hom in die lewensritme dat dit gemaklik is om skoon te wees? Deur die seëning dat hul ouers is wat sy doek omruil. Hulle kon hom net sowel uitgelos het om te moet gewoons geraak het en gemaklik te wees met vul doeke!

Hoe het hulle al begin en gaan hulle hom lei om nie alles wat hy in die hande te kry, te breek nie en homself nie met goed wat rondstaan te beseer nie? Dit is baie interessant dat hulle op tien maande al baie goed hoor wat jy sê, as jy sê “moenie”, maar nie gehoor gee nie. Sy ouers moet sy aandag met iets anders wegvat of hom net optel, en só lei hulle hom om weg te kom van wat hom seermaak.

As ouers lei hulle hom as baba in en deur die seëninge van hul ouerskap!

5. Kan babas, peuters en kleuters deur die Heilige Gees gelei word?

## Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

En die antwoord is “ja”, as die Heilige Gees se leiding is om jou deel van sy seëninge te maak en nie om deur wette, eise en opdragte te lei nie. As die Heilige Gees ons deur die wet lei, dan kan Hy nie babas, peuters en kleuters lei nie!

Kan u nou Paulus se aankondiging in Romeine 8: 15, 16 hoor: “Julle het nie ’n gees van verslawing ontvang nie sodat julle nie hoef bang te wees nie, nee, julle het die Gees van kindskap ontvang deur wie ons roep “Abba”, Vader. Die Gees self bekragtig dat ons kinders van God is.” Dit is presies uit hierdie verklaring wat Paulus ook in Gal. 4: 1 – 6 maak dat hy dan in Gal. 5: 18 stel: As julle egter deur die Gees gelei word, staan julle nie meer onder die toesig van die wet nie.”

Die leiding van die Gees beteken presies net juis dat Hy ons nie deur die wet lei nie, maar deur die vervulling van die verbondsbelofte, deur die verbondsbeloftes vir ons in ons lewe ’n werklikheid te maak. Dit is hierdie waarmaak en ’n werklikheid maak van die verbondsbeloftes van God in en met ons, wat die seëninge van die Gees genoem word.

Die Heilige Gees gee nie aan babas, peuters en kleuters leiding deur geestelike voorskrifte en skree op hulle om te doen wat Hy sê nie. Hy seën hulle deur al die verbondsbeloftes vir en in hulle waar te maak en waar te laat wees.

Nes ouers hulle kinders van geboorte lei met die seëninge van hul ouerskap en nie deur babas te dreig en te beloon met gehoorsaamheid aan wette nie.

### 6. Met watter seëninge lei die Heilige Gees vir Jannes?

Jannes behoort aan Jesus Christus! Paulus stel dit bo enige teenspraak in Rom. 8: 9: “As iemand nie die Gees van Christus het nie, behoort hy nie aan Hom nie.” Jy kan nie sonder die Heilige Gees aan Christus behoort nie en sy leiding is juis om jou aan Christus te laat behoort.

Dit is die bedoeling van elke seëning van die Gees en daarom die bedoeling van die leiding van die Gees: om aan Jesus Christus te behoort! Wat leer elke baba deur elke seëning van elke ouer? Die geborgheid van “ek behoort”. En babas voel en weet dit! Daarom moet jy hulle die hele tyd vashou want die oomblik as jy hulle nie vashou nie of hulle jou nie sien nie, voel hulle nie meer hulle behoort nie.

Jannes leef in hierdie leiding van die Gees: Hy behoort aan Jesus Christus!

Die Heilige Gees lei Jannes deur hom in te sluit en alles te laat deel wie Jesus Christus vir hom is. Die doop wys hy deel al die Here se lyding en straf op so ’n wyse dat die sondige Jannes wat hy vir die res van sy lewe gaan wees, is begrawe met Christus. Deur hierdie seëning van die Gees sal hy nooit voor God ’n skuldige en veroordeelde baba, peuter, kleuter, tiener, volwassene of bejaarde wees nie.

Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

Die Heilige Gees lei Jannes deur hom deel van die lewe te wees wat Jesus Christus vir God leef vandag as mens in die hemel. Daarom sal hy vir God altyd sy regverdige en heilige kind wees.

Jannes is 'n kind van God die Vader! Dit is die seëning waardeur die Heilige Gees Jannes lei. Paulus beskryf hierdie seëning in Christus in Efe. 1: 4 – 5 só: “sodat ons heilig en onberispelik in liefde voor Hom sou leef, voorbestem om deur Jesus Christus vir Hom aangeneem te word, soos Hy dit volgens sy wil goed gedink het.”

Jannes word gelei deur deel te wees en ingesluit te wees binne die liefde, goedheid, guns, genade, barmhartigheid en trou van God die Vader wie sy Vader is! Die Gees lei Jannes deur Hom in die Vader se liefde te láát leef. Hy leef in die Vader se liefde as baba, peuter, kleuter, kind en tiener!

Toets dit maar net weer aan die leiding wat ouers aan babas tot kleuters gee – alles is 'n versekering van en 'n oefening binne die ouers se liefde! Ouers lei hul kinders in die sekerheid dat hul leef binne hulle liefde! Só lei die Heilige Gees hulle ook binne die Vader se liefde!

7. Ons moet dit hoor binne die evangelie! Wie nie in die Naam van die Heilige Gees gedoop kan word nie, kan ook nie in die Naam van of die Vader of die Seun gedoop word nie! Want dit is die Heilige Gees wat ons insluit en lei deur alles wie Christus in sy dood en opstanding as mens vir ons en insluit en laat leef binne die liefde van die Vader.

Ons doop Jannes juis in die Naam van die Gees omdat dit die Gees van die belofte is, die Gees wie die verbondsbeloftes vir hom en in hom die Vader se seëninge laat wees. Omdat die Heilige Gees Jannes lei, is God die Vader sy Vader en behoort hy aan Jesus Christus! Want net hulle wat deur die Gees van God gelei word, is kinders van God! Daarom doop ons hom in die naam van die Vader én die Seun én die Heilige Gees!

Die lewe binne die leiding van die Heilige Gees word aanhoudend binne die Nuwe Testament genoem, “die wandel met” of wandel deur” die Heilige Gees! Dit word in die nuwe vertalings vertaal as leef met of deur.

Dit vat 'n baie belangrike betekenis van hierdie uitdrukking weg. Wandel met, beteken om saam met iemand te loop wat jou vashou! Dit is hoe ouers met hulle kinders wandel. Hulle hou hulle hande vas en laat hul kinders saam met hulle loop.

Wandel beteken om in hierdie liefde saam te loop waarmee jy vasgehou word!

Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

Daarom beteken die leiding van die Heilige Gees van babas, peuters en kleuters dat die Heilige Gees hulle vashou om binne die liefde van die Vader en die Seun saam te loop.

8. Wandel hulle met en deur die Heilige Gees?

Is die Heilige Gees besig om met hulle te loop binne die liefde van die Vader en die lewe van Christus? Wanneer begin ouers met hul kinders wandel?

Wanneer u wandel weer wetties gaan verstaan as wanneer begin kinders leef soos wat hulle ouers wil hê hulle saam met hulle moet leef, dan het u 'n ernstige probleem. Babas kan noot leef soos jy wil hê hulle moet leef nie, peuters stel jou voor hul eie wil, kleuters voor hul eie besluit en tieners wil glad nie saam met jou gesien word nie!

Maar wanneer wandel beteken hulle laat jou saam met hulle leef, dan wandel 'n baba in 'n ma se arms wat hom of haar rondra terwyl sy die nag deur met hulle in haar arms loop, dan beteken wandel dat 'n pa sy baba vashou en laat kruip, dat ek 'n peuter aan sy hande vat en vashou dat hy kan staan, voetjie vir voetjie leer loop en dat ek 'n kleuter aan die hand vat met al hulle eiesinnighede en saam met my te loop.

Net so wandel die Gees met babas, peuters en kleuters. Hy sluit hulle in en laat hulle deel in God die Vader se liefde en Jesus Christus se lewe en lei hulle nie met wette nie, maar deur al die seëninge van die Gees. Al die verbondsbeloftes van God in hulle lewe elke dag 'n werklikheid te maak. Die Heilige Gees lei babas deur hulle te dra in die Vader se liefde, peuters vas te hou om te staan in God se liefde en kleuters om te leer loop in God se genade en tieners om vas te staan in God se goedheid.

Laat die Heilige Gees kinders met Hom wandel deur hulle só in die liefde van God vas te hou en saam te vat of deur hulle te leer om volgens die wet reg te leef?

9. Dit is die diepste verwarring oor die leiding en wandel met die Heilige Gees in die Christelike kerk wat maak dat die kerk babas, peuters, kleuters en kinders weg neem uit die wandel met die Heilige Gees!

Wandel met God wat beteken om vir God reg te leef volgens sy wil en wet, is die rede hoekom kinders in die kerk verkeerdelik op die volgende wyse gesien en hanteer word. Jannes behoort aan God die Vader somer net omdat alle kinders so oulik en onskuldig is dat hulle aan God die Vader behoort – sonder Christus en die Heilige Gees!

Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

Maar Jannes kan nog nie aan Christus behoort nie want Hy het nog nie Jesus as sy persoonlike Saligmaker aanvaar en sy lewe en hart vir Jesus gegee nie! Dit is iets wat party kleuters maar gewoonlik kinders kan doen en moet doen.

Maar die Heilige Gees kan Jannes eers kry as hy 'n tiener word. Dan kan hy met die Heilige Gees gedoop word volgens die geestelikes van hierdie wêreld.

Dit is die kern van die verwarring oor die doop. Dan moet jy aanhoudend begin doop. Jou eerste doop is dan sommer kamstig die verbondsdoo wat wys jy behoort aan God die Vader, wat sommer vir alle kinders Vader is, maar hierdie doop wys nie jy is ingesluit in die dood en opstanding van Jesus nie. Hiervoor moet jy eers tot bekering kom en dan kry jy jou bekeringsdoo. Maar al is jy bekeer is jy nog nie met die Heilige Gees gedoop en leef jy nog nie in sy krag nie, dit kry jy eers met jou volle oorgawe as tiener en dan kan jy kies met watter waterritueel wil jy dit verseker.

Wanneer die Heilige Gees ons nie meer lei om in die liefde van God deur Christus te wandel nie, dan word Hy die Gees wat jy wys wat om te doen en jou die krag gee hoe om te doen wat God eis!

Hierdie gees kan nie babas, peuters en kleuters lei nie. Daarom mag hulle nie in die naam van die Heilige Gees gedoop word wat hulle lei nie. Ons moet so half skromend Jannes doop as iemand wat die Heilige Gees eendag wil lei en sal lei wanneer hy begin verstaan en doen wat die Heilige Gees vir hom wys en sê wat om te doen.

10. Kyk weer na die woorde van Petrus in Handeling 2! Hy kondig aan dat die Here Jesus die Heilige Gees ontvang het en uitgestort het. Watter Heilige Gees? Die Heilige Gees van die belofte! Dit is hoe Christus al in die loflied van Sagaria aangekondig word: Hy gaan die Dawids- en Abrahamsbeloftes vervul sodat die Here se kinders heilig en regverdig vir God se liefde is.

Vir wie maak die Here Jesus Christus hierdie belofte waar dat Hy die Heilig Gees ontvang en gee as gawe om sy kerk te lei?

Kyk weer na Petrus se woorde: "Want die belofte geld vir julle, en ook vir julle kinders, ..." Die belofte wat geld beteken nie 'n belofte wat nie werk voor jy nie iets gedoen het nie. Die belofte is waar vir jou en jou kinders! Christus het aan hulle die Heilige Gees gegee wat hulle lei deur die seëninge van die verbond, nie deur die eise, voorbeeld en wette van God se wet nie.

Die Heilige Gees is die Gees wie babas, peuters en kleuters lei en daarom is hulle kinders van God! Ons doop Jannes omdat Hy in die Vader se liefde ingesluit is deur die Gees, in die dood en opstanding van die Here ingesluit is deur die Gees en deur die Gees gelei gaan word deurdat Hy al die seëninge van God se verbond in Jannes

Die Heilige Gees lei babas, peuters en kleuters

se lewe 'n werklikheid gaan maak. Die Gees gaan Jannes nie deur die wet van God lei nie, maar deur die Here se liefde en genade!

Daarom mag ons hom doop ook in die Naam van die Heilige Gees!

11. Wat moet u as ouers doen?

Ons mag nooit ouers afgradeer tot geestelike leermeesters van die wet vir kinders nie! Leermeesters van die wet moet voorskrifte gee en afdwing met straf en beloning!

Dit is hoe dit in die kerk wêreldwyd gedoen word en dit is ook 'n rede hoekom ouers opgee op hulle kinders se geloofslewe, want hulle voel hulle kan nie die lewe leef waar hulle alles moet doen wat die Gees vir hulle wys en sê nie, hulle kry nie die krag om te doen wat die Gees sê soos gepreek word jy die krag sal kry nie, en daarom voel hulle om nie met hul kinders met die Gees te wandel nie. Die kinders moet maar so los rond loop en rond dwaal op hulle eie en wanneer hulle dan eendag die Here gevind het, hulle self laat doop.

U kan nie vir u kinders leermeesters van God se wet word nie, want dit is nie hoe die Heilige Gees u kind lei nie!

Wat moet u doen? Wandel saam met u kind met God, in sy liefde en genade!

Net soos ouers die wonder van die Gees as Skepper Gees raaksien in die geboorte van hul kinders, net so moet u die leiding van i kind in die geloof ontdek!

Dan sien jy 'n baba van 10 maande wat al het hy nie woorde nie en kan hy nie praat nie, as baba weet wat is reg en verkeerd wanneer hy net na jou kyk of hy jou net hoor sê: "moenie". Hy hoor reg en verkeerd want die Gees lei ho. Net so wanneer 'n peuter saam bid: "Here, dankie vir die kos en vir mamma en pappa", hoor u ware aanbidding in die Gees, want die Gees lei babas en daarom kan u vir kleuters die Bybel lees en hulle hoor nie net hoe moet hulle soos 'n Dawid, 'n Simson of 'n Gideon wees nie, maar hulle hoor die Woord van die Here dat Hy hulle liefhet, sorg en bewaar, want die Heilige Gees lei kleuters.

Wandel met u kinders en kleinkinders in die liefde en genade van God!

Kom ons doop Jannes in die Naam van die Vader want die Heilige Gees seën hom dat die Vader van Christus sy Vader is! Kom ons doop in die Naam van die Seun want die Gees seën hom met die lewe van Christus en kom ons doop hom in die Naam van die Gees want die Heilige Gees lei vir Jannes met die seëninge van die Gees, nie met die wet van God nie.